

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Woorddiens

Tema: "Maskers"

Skriflesing: 1 Johannes 1:1-10 (1953)

¹ WAT van die begin af was, wat ons gehoor het, wat ons met ons oë gesien het, wat ons aanskou het en ons hande getas het aangaande die Woord van die lewe —

² en die lewe is geopenbaar, en ons het dit gesien, en ons getuig en verkondig aan julle die ewige lewe wat by die Vader was en aan ons geopenbaar is —

³ wat ons gesien en gehoor het, verkondig ons aan julle, sodat julle ook gemeenskap met ons kan hê; en ons gemeenskap is met die Vader en met sy Seun, Jesus Christus.

⁴ En ons skrywe hierdie dinge aan julle, sodat julle blydschap volkome kan wees.

⁵ EN dit is die verkondiging wat ons van Hom gehoor het en aan julle verkondig: God is lig, en geen duisternis is in Hom nie.

⁶ As ons sê dat ons met Hom gemeenskap het en in die duisternis wandel, dan lieg ons en doen nie die waarheid nie.

⁷ Maar as ons in die lig wandel soos Hy in die lig is, dan het ons gemeenskap met mekaar; en die bloed van Jesus Christus, sy Seun, reinig ons van alle sonde.

⁸ AS ons sê dat ons geen sonde het nie, mislei ons onself en die waarheid is nie in ons nie.

⁹ As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig.

¹⁰ As ons sê dat ons nie gesondig het nie, dan maak ons Hom tot 'n leuenaar en is sy woord nie in ons nie.

Broodjies vir die pad

From his opening words, the writer of I John strikes four clear notes. First, we testify to what we have actually heard, seen, and touched—"the word of life." Secondly, our testimony puts us in "fellowship" with you, dear readers, and with "the Father and with the Son, Jesus Christ." Thirdly, because "God is light" and we are in fellowship with God, we must now do "what is true." Fourthly, we must acknowledge and confess our inevitable failures to do what is true, trusting in the "advocate Jesus Christ" who has atoned not only for our sins but for the "sins of the whole world."

<http://www.sacraconversazione.org/?p=167>



Docetism, (from Greek *dokein*, "to seem"), Christian heresy and one of the earliest Christian sectarian doctrines, affirming that Christ did not have a real or natural body during his life on earth but only an apparent or phantom one. Though its incipient forms are alluded to in the New Testament, such as in the Letters of John (e.g., 1 John 4:1–3; 2 John 7), Docetism became more fully developed as an important doctrinal position of Gnosticism, a religious dualist system of belief arising in the 2nd century ad which held that matter was evil and the spirit good and claimed that salvation was attained only through esoteric knowledge, or gnosis. The heresy developed from speculations about the imperfection or essential impurity of matter. More thoroughgoing Docetists asserted that Christ was born without any participation of matter and that all the acts and sufferings of his life, including the Crucifixion, were mere appearances. They consequently denied Christ's Resurrection and Ascension into heaven. Milder Docetists attributed to Christ an ethereal and heavenly body but disagreed on the degree to which it shared the real actions and sufferings of Christ. Docetism was attacked by all opponents of Gnosticism, especially by Bishop Ignatius of Antioch in the 2nd century.

<http://www.britannica.com/EBchecked/topic/167323/Docetism>



Paasgebed

Dana Snyman

Sê nou die dag kom dat die meeste mense op aarde slegs dít wat rasioneel verklaar kan word as die waarheid aanvaar.

'n Dag waarop ouers vir hul kinders van Darwin en evolusie eerder as van Adam en Eva in die Bybel sal leer. 'n Dag waarop die wetenskaplikes 'n nóg groter greep op die hede en die toekoms as nou sal hê.

Astronome sal nog baie ligjare verder met hul teleskope tot in die uithoeke van die heelal kan kyk as nou, en hulle sal antwoorde hê op vrae wat niemand nog nie eens gedink het om te vra nie. Moontlik sal daar reeds 'n bemande tuig op Mars geland het, en jy sal dalk sommer in Londen of Kaapstad op 'n vliegtuig kan klim en saam opvaar na die hemel bokant die aarde se atmosfeer, sodat jy rustig daar in die sitplek aan die regterkant van die paadjie kan sit met 'n glas Allesverloren en kyk na die klein, silwerige planeet doer onder.

Ons sal 'n ongeëwenaarde kennis van die kleinste boustene van die heelal hê: van atome en die geheimsinnige dans van kwarke en leptone en gluone. Ook die genetika van die mens, die miljoene genetiese kodes in ons chromosome, sal vir ons nog minder verborge wees. Moontlik sal genetici reeds in staat wees om die vroeë spore van ernstige siektes in 'n baba te kan identifiseer en behandel. Verlamdes sal dalk weer kan loop met behulp van stamseloorplantings.

Ons sal op maniere met mekaar kan kommunikeer wat ons nooit gedink het is moontlik nie. Nog meer as nou sal rekenaars die lot van mense se lewens bepaal. Robotte sal die werk verrig wat die laagstes onder ons nou verrig. Musiek en ander kunsvorme sal eletronies en digitaal geskep kan word. Vir baie sal die metafore in T. S. Eliot en Van Wyk Louw en ander se gedigte tot blote woordspel verstil, en JS Bach se Kantate no. 29 sal bloot 'n mooi stuk musiek wees, gekomponeer deur iemand wie se aapagtige voorouers miljoene jare tevore op die grasvlaktes van Kenia rondom vure gedans het.

Oral sal die stemme van die dissipels van die wetenskap triomfanklik weerklink, gestroop van twyfel en onsekerheid.

Sê nou só 'n dag breek aan? Sal hierdie groot, onsêbare verlange in my na U ook ophou bestaan?

Amen.



Vakansies laat jou nadink oor die lewe

Istie Childs

Dit is toe ek daar sit en my verkyk aan die evangelie van die golf, dat ek begryp het waarom 'n mens honderde kilometers agter jou gunsteling-vakansieplekkie aanry.

Om te sien hoe die watermassa reëlmatig saamvorm tot 'n reuse-golf, hoe dit borrelend voortjaag totdat dit in 'n oogwink skuimend verdwyn in die sand.

Elke golf vertel hoe 'n mens se lewe so groots begin en sonder dat jy weet, voortjaag deur die jare totdat jy maar nietig sterf as onbeduidende skuimpies op die grote strand.

Iets so ongelooflik mooi en tog so vlietend.

Dit is toe dat ek net weer besef hoe ek so dikwels voortjaag van kwartaal tot kwartaal, deur die kinders se huiswerk, die netbaloefeninge, kospakkies bou en dan met vakansie na jou kinders kyk waar hulle swem en lag en jy oopmond wonder hoe dit dan gebeur het dat jou krulkopmeisiekind van eergister so skielik voor jou staan as tiener.

Die lewe gebeur onaangekondig en sag-ruisend soos 'n golf.

Vakansies help darem so 'n bietjie om die lewe in oënskou te kan neem en in groot dankbaarheid te waardeer terwyl dit gebeur.

<http://www.netwerk24.com/stemme/2015-04-07-vakansies-laai-jou-nadink-oor-die-lewe>

Brood vir die pad

Sit ambisie op agterplaat, hou op tel en draf stadiger

Wilhelm Jordaan

Nou die dag hoor ek twee klaarblyklik suksesvolle manne in blink pakke in 'n hysbak redeneer – veelseggend, op pad boontoe:

Ambisie, sê een, is sukses se DNS. Die ander een stem saam, maar reken jy moet nie 'n fetisj daarvan maak nie. Dan word jy 'n boelie of 'n slawedrywer.

Agterna wonder ek oor ambisie en dink aan wat Trudy the bag lady te kenne gegee het in die blyspel The

Search for Signs of Intelligent Life in the Universe – dat haar dae vol “pret en konfyt” is sedert sy ambisie op die agterplaat laat prut.

Miskien is daar dan 'n middeweg: Ambisie, gesien as 'n begeerte om jou ideale te verwesenlik, is gesond mits jy daarin slaag om enkele vanggate te vermy.

Heel eerste miskien die neiging om 'n byna vyandige stryd met die lewe aan te knoop – asof dit 'n arena is waarin jy strydlustig vir jou ideale baklei en waar net die beste vegters seëvier.

Dié soort vyandigheid – vermeng met 'n plofbare temperament wat saamgaan met frustrasie, woede en ongeduld – jaag die strestoereteller die hoogte in. Dit is tot skade van liggaam en gees en is ook 'n gevaarlike vonk in die kruisvat van verhoudings.

Ambisieuse mense sê dikwels dié soort gedreweheid is geneties, “in hul are” as't ware. Dit is inderdaad moeilik om teen jou temperament-prikkels te skop. Tog kan 'n mens leer om anders te doen en te wees.

En die waarde is dat jy algaande dit begin geniet om teen 'n stadiger pas te draf – sodat ander ook kan byhou. Só neem jy meer, en ook gewilliger, mense met jou saam.

Nog 'n vermybare vanggat is die neiging om jou en ander mense se waarde volgens meetbare uitsetsyfers te beoordeel: Hoe produktief jy en ander is volgens 'n syferprofiel; hoeveel telbare suksesse en mislukkings daar is; hoe vinnig dinge gedoen kan word – so asof syfers en gemete dinge magiese betekenis en beskikkingskrag het.

Dwing jouself om nie woorde soos “hoeveel” en “hoe baie” te gebruik nie en stel jou bloot aan situasies wat jou dwing om lewensverskeidenheid en -tekstuur te beleef.

'n Ander vanggat wat ambisie ongesond maak, is die neiging om jou verhoudingslewe met familie, kollegas en vriende mededingend te bedryf. Jy wil nêrens die verloorder wees nie – nie in 'n spel nie, of 'n redenasie of in 'n rusie nie. En “verloor” jy, voel jy afgehaal, ontsteld en nutteloos.

So 'n kompetisie-kultus kan afgebreek word deur kollegas en vriende uit te vra oor dinge wat vir hulle saak maak. En plaas jouself laag op die lewensagenda; met 'n verwonderde eerder as 'n alwetende ingesteldheid.

Genuanseerde ambisie maak van sukses 'n deug eerder as 'n verbete en mensonterende strewe om tot elke prys heel bo te wees.

<http://www.netwerk24.com/stemme/2015-04-08-wilhelm-jordaan-sit-ambisie-op-agterplaat-hou-op-tel-en-draf-stadiger>